

© Die Oratorium Uitgewery

# St. Cyril van Caesarea

## 29 Mei

(sterf 251)

Hierdie jongman van Caesarea in Kappadosië (in modern Turkye), het Christen geword in 'n tyd toe dit lewensgevaarlik was. Toe sy heidense vader daarvan uitvind het hy hom uit die huis verjaag en belet om weer terug te keer. Gerugte oor sy bekering tot die Christelike geloof het deur die hele gebied versprei en die plaaslike goewerneur stuur soldate om hom te arresteer. Hulle vang hom en bring hom voor die goewerneur wat hom beveel het om die offerandes van die Romeinse staatsgodsdiens aan die gode te bring. Cyril weier volstrek, selfs toe hulle hom dreig en hardhandig begin behandel. Uiteindelik het die woedende goewerneur hom laat onthoof.